## 24.GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Josef se broers kom koring koop – Genesis 42-45

In Kanaän was dit baie droog. Jakob-hulle se kos het begin opraak. Hy sê toe vir sy seuns: "Ek het gehoor daar is baie koring in Egipte. Gaan dadelik daarheen en koop vir ons van die koring. As julle dit nie doen nie, sal ons van die honger doodgaan. "Tien van sy seuns is toe weg om koring te gaan koop. Hy wou sy jongste seun, Benjamin, nie sam met die ander stuur nie. Hy het gedink: "Netnou kom Benjamin iets oor."

Die tien broers het uiteindelik in Egipte aangekom. Josef was in beheer van die verkoop van die koring. Almal moes na hom toe gaan om koring te koop. Die tien broers het by Josef gekom en voor hom gebuig. Hy was mos nou die onderkoning van Egipte! Josef het sy broers dadelik herken. Maar hulle het hom glad nie herken nie. "Waar kom julle vandaan?" vra Josef.

"Meneer, ons kom van ver, van die land Kanaän, om kos te koop. Daar in ons land is nie meer koring vir ons almal nie," antwoord hulle. Hulle het Josef glad nie herken nie.

Toe Josef sy broers so voor hom sien buig, het hy teruggedink aan sy drome van lank gelede. "Ek glo dit nie," sê Josef. "Julle het gekom om te kyk of julle kan oorlog maak teen Egipte. Julle is spioene!"

"Nee, meneer, sê hulle verskrik. "Ons het net gekom om koring te koop. Ons is nie spioene nie, ons is broers, en seuns van een man."

Josef vra: "Leef julle vader nog?"

"Ja meneer. Hy is baie oud, maar hy leef nog. Ons jongste broer is by hom."

Josef is baie bly om te hoor dat sy vader en boetie Benjamin nog leef, maar hy wys niks nie.

"Julle is spioene," sê hy weer. "As julle nie spioene is nie, gaan haal een van julle die jongste broer en bring hom na my dat ek hom kan sien. Die ander nege sal ek in die tronk opsluit tot die jongste broer ook hier is!" Josef het almal van hulle toe drie dae in die tronk toegesluit.

Na drie dae het Josef sy broers laat haal en vir hulle gesê: Ek aanbid ook die God van die Hebreërs! Daarom sal ek julle regverdig behandel. Een van julle gaan hier in die tronk agter bly. Die ander nege kan koring vat vir julle honger mense by die huis. Bring dan julle jongste broer hiernatoe. Die broers het ingestem. Hulle het vir mekaar gesê: "Dit het ons nou van alles wat ons destyds aan arme Josef gedoen het!"

Josef laat toe een van die broers, Simeon, vasbind en stuur die ander terug Kanaän toe.

Josef het sy slawe beveel om die broers se sakke vol koring te maak. Hy het die geld wat hulle hom betaal het stilletjies bo in elkeen se sak teruggesit. Elkeen het ook padkos gekry.

Hulle het die sakke op hulle donkies gesit en vertrek. Daardie aand het een van die broers sy sak oopgemaak om sy donkie te voer. Hy het die geld bo in die sak gekry en dit dadelik vir sy broers vertel. Hulle het hulle boeglam geskrik en gesê: "Die man dink klaar ons is spioene. Nou gaan hy nog sê ons het sy koring gesteel ook! Ons is in groot moeilikheid. Die Here praat regtig nou hard met ons oor wat ons destyds aan ons broer gedoen het!"

Toe die broers in Kanaän aankom, het hulle dadelik vir hulle pa vertel wat gebeur het.

Dit was baie droog in Kanaän. Die kos wat die broers uit Egipte saamgebring het, het opgeraak. Jakob het vir sy seuns gesê: "Julle sal maar weer kos in Egipte moet gaan koop." Juda het vir Jakob herinner dat Benjamin sal moet saamgaan. Jakob wou dit glad nie hê nie, maar Juda het belowe om mooi na Benjamin te kyk.

Die broers is met geskenke en geld toe weg Egipte toe. Toe Josef sien Benjamin is by hulle, het hy vir sy sekretaris gesê: "Vat hulle almal na my huis toe. Laat die kok 'n lekker ete voorberei."

Die broers kyk na mekaar. Die Egiptenaar wat laas so kwaai met hulle was, nooi hulle vir ete! Josef laat ook die ander broer haal wat agtergebly het en wys vir hulle hul plekke aan tafel aan. Die broers kyk weer na mekaar, want hulle verstaan nie mooi nie: Josef laat hulle van die oudste tot die jongste langs mekaar sit. Hoe weet hierdie man hoe oud hulle is?

Josef het vir sy sekretaris gesê: "Maak hierdie mans se sakke vol kos. Sit elkeen se geld weer terug bo in die sak. Vat my beker, my silwerbeker, en sit dit saam met die geld bo in die jongste broer se sak." Vroeg die volgende oggend is Josef se broers daar weg.

Hulle was skaars weg, toe sê Josef vir sy sekretaris: "Sit hulle agterna. As jy hulle inhaal, moet jy vra: Hoekom is julle skelm as my baas net goed vir julle was? Hoekom steel julle sy silwerbeker?

"Ons het nie," sê die broers. "As jy daardie drinkbeker by een van ons kry, kan jy hom doodmaak."

Die man maak die een sak na die ander oop, en bo-in Benjamin se sak lê die drinkbeker!

Dit was al die tyd Josef wat die beker in die sak laat sit het, maar dit weet die broers nie.

Die broers was baie geskok en hartseer. Hulle het hulle goed op die donkies gelaai en teruggegaan na die stad toe.

Josef was by sy huis toe die broers daar aankom. Hulle het op die grond voor hom neergeval. Josef het kwaai gevra: "Wat het julle nou aangevang? Dink julle miskien ek weet nie wat in hierdie land aangaan nie?" Juda het geantwoord: "Wat kan ons sê, meneer? Ons is almal skuldig. God het die sonde wat ons so lank weggesteek het, nou duidelik vir almal gewys. Ons

is nou almal u slawe. Josef het gesê: "Ek sal dit nie toelaat nie. Net die een by wie die beker gekry is, sal 'n slaaf word. Julle ander kan teruggaan na julle pa toe."

Juda sê toe: "Asseblief tog, meneer! Moenie vir my kwaad word nie. Meneer sien, ons kan nie teruggaan sonder Benjamin nie. Ons pa sal sterwe as hy sien Benjamin is nie by ons nie. Hou my hier as meneer se slaaf in die plek van Benjamin.

Toe kon Josef dit nie langer hou nie. Hy stuur al die ander mense uit die kamer sodat net hy en sy broers agterbly, en bars in trane uit.

"Ek is Josef, julle broer wat julle verkoop het," sê hy.

Die broers kyk bang na mekaar en sê niks.

"Moenie bang wees nie, ek sal niks aan julle doen nie," sê Josef.

Hy gaan na Benjamin en druk hom teen sy bors. Toe sien die broers dat Josef nie kwaad is nie. Hulle gaan na hom en neem hom in hulle arms en lag en huil deurmekaar, so bly is hulle.

Josef sê: "Julle het my verkoop en ek het in Egipte beland. Maar moenie langer skuldig voel of bang wees nie. Ek besef nou dat dit eintlik God is wat my voor julle uit gestuur het. Dit was God se plan om te keer dat julle almal van honger doodgaan. Dit is nou maar eers die tweede jaar van droogte. Daar lê nog vyf moeilike jare voor. Dis nie julle wat my na Egipte gestuur het nie, maar God! Dit is God wat gesorg het dat ek aangestel word as die onderkoning van Egipte. Nou kan ek help dat my familie nie doodgaan van honger in Kanaän nie. Gaan dadelik na Pa toe en sê vir hom: 'Josef lewe nog! Hy is onderkoning van Egipte. Hy nooi ons om by hom in Egipte te gaan bly.

Josef het sy broers met waens teruggestuur om sy ou vader en die hele familie te gaan haal om by hom in Egipte te kom woon.

Dink net wat 'n blye dag was dit toe ou vader Jakob weer vir Josef sien!

## 24. Josef se broers kom koring koop – Genesis 42-45

**Inleidende aktiwiteit: Ja/Nee Hersien vrae:** Ons speel 'n hersien speletjie. Vragies oor die vorige Josef verhale word gevra en die gesinslede mag slegs 'ja' of 'nee' antwoord.

**Vra:**

- Die Bybel verhaal van Josef word gevind in Genesis. (Ja)
- Genesis is in die Nuwe Testament. (Nee)
- Josef het sy familie vertel van sy spesiale drome. (Ja)
- Moet ons ander van God vertel? (Ja)
- Josef het die regte ding gedoen al was niemand besig om hom dop te hou nie. (Ja)
- Jy moet die regte ding doen al hou niemand jou dop nie. (Ja)
- Josef het sy hele lewe in die tronk spandeer. (Nee)
- Die Here was met Josef al was hy in die tronk. (Ja)
- Josef het mense gehelp om hulle drome te verstaan. (Ja)
- God het Josef gehelp om suksesvol te wees in als wat hy gedoen het. (Ja)

Kom ons lees saam Josef se broers kom koop koring.

**Vrae:**

1. Hoekom het Josef se broers Egipte toe gegaan? (Om koring te koop, want dit was hongersnood.)
2. Het Josef sy broers herken? (Ja)
3. Het Josef se broers hom herken? (Nee)
4. Wie het Josef gesê moet sy broers saambring die volgende keer wat hulle kom vir koring? (Benjamin)
5. In wie se sak koring het hulle Josef se silwer beker gevind? (Benjamin)
6. Het Josef sy broers vergewe vir wat hulle aan hom gedoen het? (Ja)
7. As jy Josef was, sou jy jou broers vergewe het?

**Aktiwiteit: Dankie vir ons familie:** Gee vir elke gesinslid 'n blaai en laat hulle hulle familie teken. Nadat hulle die prentjie voltooi het, laat hulle bokant elke familielid iets skryf waarvoor hulle dankbaar is vir daardie familielid. Indien hulle bietjie sukkel, kan julle saam dink aan redes.

**Gebedsgids:** Sê vir God dankie vir jou familie.